2015

Lewende Water van die Kruis

Dr Jean Strydom

NG. Nelspruit-Suid

Inhoudsopgawe

1. Dors na lewende water **p. 3**

2. Water wat reinig **p. 6**

3. Lewende water…Nuwe lewe **p. 9**

4. Rivier van Genade **p. 12**

5. Dieper en Dieper **p. 15**

6. Jy…die Kruis…Oordeelsdag **p. 18**

1

Dors na lewende water

"Soos 'n wildsbok smag na water

Smag my siel na U, o Heer..."

Liedboek 163

Ek is seker jy was ook al fisies dors. Jou liggaam bestaan uit sowat 80% vloeistof. So, jy is eintlik 'n wandelende waterballon. Indien ek en jy nie water sou drink nie, sou daar 'n paar gevolge wees vir jou. Daar sal geen sprake wees van samehangende denke nie, jou liggaam het vloeistof nodig om te kan sien, jou organe het dit nodig om te kan funksioneer, jou kliere het sweet nodig om jou af te koel en jou gewrigte het vloeistof nodig om hulle te smeer. Jou liggaam sal vinnig vir jou wys as hy water nodig het, een van die eerste simptome is hoofpyn en 'n dik tong.

Ontneem jouself van geestelike water en jou geestelike lewe sal dit ook wys. Onsekerheid, skuldgevoel, geïrriteerdheid ensovoorts sal wortel skiet in jou lewe. Dit is simptome van 'n dor geestelike lewe.

Behandel jou geestelike lewe soos jy jou dors hanteer. Drink gereeld "water". Drink gereeld van die lewende water waarvan Jesus in Joh. 7:37-39 praat. Gedurende Oktobermaand, tydens die jaarlikse herdenking van Moses se "water-uit-die-rots" wonderwerk en ter nagedagtenis aan hulle nomadiese bestaan waar hulle in tente geslaap het, vertel Jesus vir hulle dat almal wat dors het na Hom toe moet kom. Hy sal vir hulle lewende water gee. Ek glo nie die mense het Jesus al ooit so vurig gesien nie. Waar rabbi's altyd gesit en onderrig het, het Jesus daardie dag gestaan en Johannes gebruik 'n spesifieke werkwoord wat wys dat hy die woorde uitgeroep het. Ja, soos die blinde man uitgeroep het dat iemand hom moes help om te kan sien (Mark. 10:46-47), die wegsinkende Petrus het uitgeroep en gesmeek om hulp (Matt. 14:29-30) en die wilde man het hard uitgeroep en gesmeek om genade (Mark. 5:2-7). Hy het die woorde

uitgeroep omdat Sy uurglas besig was om leeg te loop, binne ses maande van die gebeurtenis af sou hulle hom deur dieselfde strate sleep om gekruisig te word. Het jy nie iets om te drink nodig nie? Wil jy nie graag van 'n klomp goed in jou lewe ontslae raak nie? Jy kan. Kyk tot wie rig Jesus hierdie uitnodiging? Hy rig dit aan "Iemand". Is jy dalk hierdie "Iemand"? As jy is, staan nader aan die bron. Jy kwalifiseer vir water. Maak Hom deel van jou, verwelkom Hom in die binnewerke van jou lewe. Laat Christus jou "lewende water" wees.

Gebed: *Vader, ek smag na U lewende water. In Jesus Naam. Amen.*

Notas:

Besprekingsvrae:

1. Hoe sal jy "geestelike water" vir iemand anders beskryf?
2. Was daar 'n tyd toe jy ontneem gevoel het van geestelike water? Hoe het jy gevoel?
3. Watter desperate boodskap stuur jy meestal uit as jy ontneem word van geestelike water?
4. Lees Johannes 7:14-39
    a. Wat dink jy het godsdienstige kenners so verbaas oor Jesus se onderrig?
    b. Hoe het Jesus sy uitsonderlike onderrig verduidelik?
    c. Watter sleutel tot geslaagde Bybelstudie beskryf Jesus in vers 17?
    d. Watter wonderwerk van Jesus het die godsdienstige leiers so ontstel en hoekom het Jesus gedink dat dit hulle nie behoort te ontstel nie?
    e. Van waar af het Jesus beweer het Hy gekom (16, 26)? Hoekom het dit sommige mense in die skare ontstel?
    f. Hoe kom 'n mens na Jesus toe en "drink " jy?
    g. Watter verband trek Jesus tussen geloof in Hom en "lewende water"?
5. Watter rol speel die Gees in die ontdekking en funksionering van lewende water in 'n mens se lewe?
6. Lees Jes. 55:1-3
    a. Hoe staan die gedeelte in verband met dit wat Jesus in Joh. 7:37-39 sê?
    b. Gesels in jou groep oor hierdie gedeelte.

2

Water wat reinig

"Ek wat vergifnis, Heer ontvang het,

Sing dankbaar my verlossingslied.

U weet hoe ek na U verlang het -

U het u guns my aangebied"

Liedboek 245:1

Onthou jy toe jy op 'n keer baie vuil was, dis glad nie lekker nie. Vir een of ander rede het jou toestand verander van skoon na vuil. Die gevolg was dat jou "nuwe toestand" jou ingeperk het. Jy sal nie so dorp toe, werk toe of selfs kerk toe gaan nie. Dit laat jou met 'n ongemaklikheid. Die eerste wat in jou gedagtes opkom is om jou "toestand" te verander na een wat skoon is. My ouma het altyd gesê daar is niks wat seep en water nie kan skoonmaak nie. Dit is wat jy inderdaad doen, jy was jou tot jy silwerskoon is. Jy sal saam met my stem dat daar darem geen lekkerder gevoel is soos om skoon gewas te wees nadat jy vuil was nie.

Met hierdie nuwe "status" van jou sien jy weer kans vir baie. Jy voel anders oor jouself en daarom is jy weer gewillig om plekke te besoek en dinge te doen wat jy nie in jou vorige toestand sou doen nie.

Dit is presies wat Jesus kom doen het, dit wat water en seep vir ons liggame doen. Dit doen hy vir jou geestelike lewe. God het gesien dat die mens se toestand een van 'n "besmette" mens is en dat hy 'n behoefte het om gereinig te wees. Deurdat Jesus aan die kruis vir ons gesterf het en Sy bloed vir ons gevloei het as die volmaakte offer het ons daardeur die geleentheid gekry om ook gereinig te word. Die Woord sê dat Jesus slegs een maal vir almal gesterf het om die reiniging van ons sondes te bewerkstellig. Daar is

geen manier om geestelik skoon te kom as deur die aanvaarding van Jesus as jou Verlosser nie.

Het jy innerlike reiniging nodig? Dit is by die kruis van Jesus beskikbaar. Dit is gratis. Jesus nooi jou om jouself by die kruis te kom skoonwas. Om toe te laat dat Sy offerbloed jou reinig. Hy het gesterf namens jou, sodat jou toestand kan verander, sodat God weer anders na jou kyk, sodat jy anders kan optree in die wêreld. Hy het dit reeds vir jou gedoen. Hy nooi jou om jou besmette toestand te kom reinig by Hom. Doen dit sommer nou en ervaar jou nuwe toestand (versoening tussen jou en God).

Gebed: *Vader, dankie dat U vir ons innerlike reiniging bied deur die kruisdood van Jesus. Kom was my skoon. Reinig my. Verander my toestand. Dankie. In Jesus Naam. Amen.*

Notas:

Besprekingsvrae:

1. Vertel mekaar van 'n tyd toe jy buite die wil van God was en hoe dit jou laat voel het.
2. Hoe maak die wêreld mense "vuil"?
3. Sonde les 'n mens se dors, vir 'n tyd lank.
    a. Op watter wyse les sonde tydelik jou dors?
    b. Op watter manier eis sonde al hoe meer van jou?
4. Wat is die impak van die wêreld se besmetting op gelowiges?
5. Hoe sal jy vir iemand wat "vuil" is sê hoe om skoon te kom?
6. Is dit nodig om net eenkeer skoon gewas te word of moet ek dit elke dag doen?...motiveer jou antwoord.
7. Bespreek 1 Joh. 1:9 en Rom. 5:8
8. Bespreek die stelling: Die feit dat jy skoon gewas is, gee vir jou 'n nuwe verlede.
9. Hoe effektief was Jesus se "skoon was" (reiniging) vir jou? (Jes. 38:17; Ps. 103:12; Rom. 5:1).
10. Dink jy mense tree soms "vuil op" al is hulle skoon?
11. Bespreek: God kyk altyd na jou as 'n gereinigde.

3

Lewende water...Nuwe Lewe

"Kom, Skepper Gees, kom gee u seën

en laat die oes sing in die reën.

Die boom dra vrugte by 'n stroom

en mense pluk 'n nuwe droom."

Liedboek 433

Gemeentelede het op 'n keer vir my 'n skynbaar dooie plantjie gegee. Ek het hulle snaaks aangekyk, maar by die aanhoor van wat met hierdie plantjie gebeur as hy water kry, was ek verstom. Maar soos die spreekwoord sê: "Sien is glo". Ek kon nie wag om by die huis te kom om die plantjie in water te druk nie. Vroeg die volgende oggend was my eerste gedagte, "ek wonder of die wonderwerk met die plantjie gebeur het". Sowaar, toe ek in die kombuis kom, was die eens dooie plantjie grasgroen. Ek kon my oë nie glo nie.

Jesus se koms na die aarde het dit vir ons moontlik gemaak om weer soos hierdie plantjie "nuwe lewe" te vind. In Johannes 4 en 7:37-38 kom vertel Hy ons om van hierdie lewende water wat hy bied, te kom drink. Die gevolg...daar sal verandering in jou plaasvind en jy sal nie weer dieselfde wees nie. Dit wat Jesus ons bied, gee vir ons nuwe lewe. Dit verander ons lewens. Die gevolg van Lewende water is nuwe lewe.

Die nuwe lewe het te doen met die nuwe jy. Die ou mens het gesterf en is vergete. Jy het 'n nuwe mens geword. Jy is uit God gebore nadat jy van die "water" gedrink het. Doe ou mens is dood en nou moet jy begin optree soos die nuwe jy. Sodra jy weet wie jy is, kan jy daarin begin groei en kan jou nuwe identiteit en karakter ontwikkel. Aan die einde van die dag het alles begin by "'n slukkie lewende water". Vir jou om 'n nuwe identiteit te kry, moet jy van die lewende water drink...

Gebed: *Vader, dankie vir lewende water wat U my bied. Dankie vir 'n nuwe "ek" wat dan ontwikkel. Amen*

Notas:

Besprekingsvrae:

1. Lees Efesiërs 2:1-10 en gesels daaroor in jou groep
2. Sodra jy van die lewende water gedrink het, verander jou lewe en kom woon die Heilige Gees binne jou. Hy is die Een wat jou leer, bemoedig en oortuig ens.
    a. Voel jy, as iemand wat van die lewende water gedrink het, die werking van die Heilige Gees in jou lewe?
    b. Wat het die Heilige Gees jou al geleer?
    c. Hoe keer mense vandag dat die Heilige Gees nie "vloei" in hulle lewens nie?
    d. Hoe weet jy wanneer jou optrede die "vloei" van die Gees in jou lewe onderbreek het?
3. Galasiërs 2:19-20 beskryf 'n nuwe lewe, die lewe van iemand wat van die lewende water gedrink het. Lees dit en praat daaroor in jou groep.
4. Lees Romeine 8:5-11en gesels daaroor as groep. Gebruik die onderstaande vrae as riglyne.
    a. Hoe kan jy weet of jy uit eie krag of vanuit God se krag leef?
    b. Kyk na die twee lewenswyses en gesels oor beide se uitkoms.
    c. Hoe beskryf Paulus die ingesteldheid van die wat hulle lewe probeer leef uit hulle eie krag?
    d. Kyk na die stelling wat Paulus in vers 8 maak oor diegene wat nie op God se krag staatmaak nie
    e. Watter definisie van 'n Christen sou jy vanuit die gedeelte kon saamstel?
5. Bespreek die stelling: As jy verstaan wie jy is in Christus, dan sal jy anders optree.
6. Lees saam uit Romeine 6:1-14 en gesels oor die ou en nuwe mens. Onthou die nuwe mens het lewende water gedrink en het 'n nuwe identiteit.
7. Gesels as groep oor die stryd wat daar steeds is in elke "nuwe mens" (Rom. 7:15-25).

4

Rivier van Genade

"...wat ek is, is net genade. wat ek het, is net geleen..."

Koos du Plessis

Elkeen van ons ken die verhaal van die Verlore Seun (Luk. 15:11-32). Ja, die bekende verhaal wat vir ons die Vader se hart wys. Die verhaal wat ons meer leer oor God se genade. Genade in oorvloed. Die jongste seun het beslis iets geleer van genade, nadat sy vader niks wat hy gedoen het, teen hom gehou het nie. Sy pa het genade betoon, hom vergewe en in ere herstel as sy seun. Om genade te verstaan is nie altyd so eenvoudig nie. As ons die verhaal verder lees dan sien ons dat die oudste broer nie genade verstaan nie. Ons sien ook hoe dit sy gedrag verander en eintlik sy lewe versuur.

In die brief aan die Galasiërs was daar ook 'n paar sulke "ouer broers". Gelowiges wat die Evangelie van genade ontvang het, maar steeds nie die volle impak daarvan in hulle lewens toelaat nie. Hulle wou steeds wette onderhou (Gal. 1:6-7; 2:16). Maar dit was nie net in hierdie gemeente nie, in Rome sowel as in Filippi (Fil. 3:2-3) was dit ook die geval. Selfs die kerk in Jerusalem het hulle skuldig gemaak aan die misverstaan van genade daar is oa. gesê "As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie" (Hand. 15:1).

Die gemeente het almal aan dieselfde kwaal gely naamlik die blokkasie van genade. Genade alleen was volgens hulle nie voldoende nie. Die Vader mag jou wel by die hek inlaat, maar jy moet jou plek aan die tafel verdien. God gee die deposito vir jou verlossing, maar jy moet die maandelikse paaiemente betaal. Die hemel gee die boot, maar jy moet roei as jy ooit die oorkantste wal wil sien. Dis blokkering van genade.

Jy mag proe van die lewende water, maar nie drink nie. Jy kan jou lippe natmaak, maar nie jou dors les nie. Dit is so hartseer, want dit is nooit wat die Vader en Jesus in genade gehad het nie

Gaan lees Efesiërs 2:4-9 en hoor hoe praat Paulus oor genade. Genade moet jou definieer. Jy moet in die "stroom van genade" inspring. Nie net met jou tone daaraan raak nie. Nee, met oorgawe inspring en toelaat dat jy deur die genade meegesleur word. Genade maak jou geestelik lewend, dit verseker vir jou 'n plek in die hemel, dit maak dat jy verbonde is aan God, deur jou kan ander sien hoe groot God se genade is. Hoe langer jy in hierdie "stroom van genade" swem, sal jy vind dat aardse onbenullighede en etikette verdwyn.

Spring sommer vandag nog in die "stroom van genade" en laat toe dat God se voltooide werk deur Jesus aan die kruis jou lewe verander. Onthou die wêreld is vol "ouer broers" wat jou uit hierdie "stroom van genade" wil trek. As hulle jou uit hierdie stroom wil trek, bely dan saam met Paulus: "Maar deur die genade van God is ek wat ek is" (1 Kor. 15:10).

Gebed: *Dankie Vader vir U genade in Jesus Christus. Dankie dat ek in die "stroom van genade" kan spring en dit kan geniet. Dankie dat U genade my lewe verander het. Beskerm my teen die "ouer broers" in hierdie wêreld wat U genade goedkoop maak. In Jesus Naam. Amen.*

Notas:

Besprekingsvrae:

1. Lees weer die verhaal van die verlore seun in Lukas 15:11-32. Praat oor die begrip "genade" wat soos 'n goue draad deur die verhaal loop.
2. Vandag is daar steeds "ouer broers" wat ons weerhou om die volheid van God se genade te ervaar, en vanuit daardie volheid te leef.
    a. Gesels oor die verskil tussen "genade ontvang" en "wette onderhou".
    b. Waarom dink jy laat die onderhou van wette gewoonlik die vreugde in ons lewe verdwyn?
    c. Paulus het die gemeente aangespreek oor hulle "misbruik" van genade. As Paulus vandag na jou lewe sou kyk, wat sou sy reaksie wees?
3. Op watter wyse "blokkeer" ons genade?
4. Hoe probeer ons soms ons plek aan God se tafel verdien?
5. Hoekom dink jy vind ons gedurig verleiding om genade en goeie werke te wil meng?
6. Bespreek die stelling: "Genade definieer wie jy is".
7. Op watter manier vorm genade hoe jy lewe? Hoe het dit die manier gevorm waarop jy vandag gelewe het?
8. Lees en bespreek Galasiërs 1:6-9; 2:16.
9. Lees Efesiërs 2:1-10 en gesels oor die belangrikheid van genade in ons lewe.
10. Lees 2 Sameul 9:1-13 en bespreek die goue draad van genade wat daarin voorkom.
11. Hoe kan jy God se genade beter uitleef?

5

Dieper en Dieper

"God is Liefde! Juig ons harte,

en bedink wat liefde doen:

Dat Hy ons sy Seun gestuur het

om ons sonde te versoen."

Liedboek 334:1

Ek het onlangs weer die film "The Big Blue" gekyk. Wat 'n aangrypende film oor 2 wêreldklas duikers wat dieper en dieper in die oseaan wil afgaan. Natuurlik beman met paddaskoene aan hulle voete en 'n geweldige groot longkapasiteit. Geen suurstofbottels vir hulle nie, dankie. Hulle is in 'n klas van hul eie. Hulle is vryduikers.

Soos wat hierdie duikers hulself oorgee aan die waters van die groot blou oseaan, so moet ons onself oorgee en diep duik in die oseaan van God se oneindigende liefde. Paulus skryf in Efesiërs 3:17-19 *"Ek bid dat...julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en* ***diep*** *die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God."*

Wanneer Paulus die liefde van God beskryf, kan hy nie die gedagte "diep" vermy nie. Hy wil dat ek en jy deeglik bewus word van die diepte van God se liefde. Dat dit nie iets oppervlakkig is nie, maar dat dit veel meer is as wat ons aanvanklik dink. Ons moet as't ware soos daardie duikers ons oorgee aan God se liefde. Jy moet toelaat dat dit jou heeltemal omring, dat dit al is wat jy raaksien. Die Woord sê immers dat *"God is liefde" (1 Joh. 4:16).* Die grootste verrassing is sekerlik dat God jou nie liefhet omdat jy jy is nie,

maar omdat Hy Hy is. Dit is wie Hy in wese is en jy beïnvloed nie God se liefde nie. Gaan lees weer Romeine 8:31-39, niks kan ons van die liefde van God skei nie. Hy het immers jou so lief, dat Hy sy Seun gestuur het om vir jou te sterf. Ja, voordat jy Hom nog terug kon liefhê...toe jy nog 'n sondaar was (Rom. 5:8). God se liefde is nie mooiweersliefde nie, dis nie soms of af en toe nie, dit is konstant. As jou optrede Sy liefde verander het, dan was Hy nie liefde nie, Hy sou dan 'n mens gewees het, want dit is menslike liefde.

Die wêreld bied nie die liefde wat God jou kan bied nie. As jy liefde nodig het...Hy wil graag vir jou gee. Hy nooi jou om te kom ontdek hoe diep Sy liefde is. Op 'n dag net buite Jerusalem het Hy sy liefde aan die wêreld kom bewys, aan jou en my. Daardie dag kon ons iets van die diepte van sy liefde sien. God se liefde vir jou is 24 uur 7 dae per week daar. Johannes moedig ons aan om in God se liefde te bly as hy skryf: *"God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in Hom" (1 Joh. 4:16).* Paulus se gebed vir jou in Efesiërs 3:17-19 is ook my gebed vir jou. Mag jy sommer vandag soos die vryduikers maak en diep afduik in God se liefde, dat dit jou van alle kante omring en al wat jy kan sien en voel...is Sy liefde vir jou.

Gebed: *Vader, dankie vir U liefde. Dankie dat U liefde is en dat dit U begeerte is dat ek diep "induik" in U liefde. Dankie dat niks my kan skei van U liefde nie. In Jesus Naam. Amen.*

Notas:

Besprekingsvrae:

1. Ander mense het jou lief ter wille van jouself. Nie God nie. Hy het jou lief omdat Hy Hy is.
    a. Wie in die lewe het jou lief ter wille van jouself?
    b. Wat beteken dit dat God jou liefhet omdat Hy Hy is? Gee dit vir jou gerusstelling?
2. Baie keer kyk ons na suksesvolle mense en dink dat God hulle darem baie lief moet hê, want kyk hoe geseënd is hulle.
    a. Hoekom is sukses nie noodwendig 'n teken van God se liefde nie?
    b. Hoekom is swaarkry nie 'n aanduiding van 'n gebrek aan God se liefde nie?
3. As jy terugdink aan die laaste ure van Jesus se lewe, hoe wys dit vir ons God se liefde?
4. Watter praktiese dinge kan ek doen om my gereeld te herinner aan Christus se opofferende liefde vir my?
5. Wat beteken dit om in Christus se liefde te bly?
6. Wat weerhou mense daarvan om in Christus se liefde te bly?
7. Het jy God se liefde gekies of het Sy liefde jou gekies?
8. Lees Efesiërs 3:16-19 en gesels saam oor die gedeelte.
9. Lees Johannes 15:1-8 en gesels saam oor die gedeelte
10. Is daar iets wat jy met jou groepslede wil deel oor die "diepte" van God se liefde?

6

Jy...die Kruis...Oordeelsdag

"Ek sien 'n nuwe hemel kom;

'n aarde nuut en vry.

Die see en al wat skei, verdwyn.

God self kom by ons bly."

Liedboek 602:1

Die kruis maak 'n verskil...mits jy dit toelaat. Die lewende water waarvan Jesus praat, maak 'n verskil...mits jy dit toelaat. Keuses wat jy hier op aarde maak, kan jou ewige lewe beïnvloed. Jesus sterf aan die kruis, nie vir Homself nie, maar vir jou, omdat Hy jou liefhet. Jesus nooi almal uit om te drink van die lewende water, omdat Hy jou liefhet en weet dit sal 'n reuse verskil in jou lewe maak.

Baie mense vrees die oordeelsdag. Die grootsheid daarvan. Die feit dat hulle nie weet wanneer dit sal plaasvind nie. Hulle weet ook nie presies wat alles gaan gebeur en hoe alles gaan gebeur nie. Ja, die onsekerheid daaraan verbonde. Die Woord kom gee vir ons hoop dat ons hierdie dag vreesloos in die oë kan kyk en dit met hoop en blydskap tegemoet kan gaan. Ja, jy het reg gelees, met hoop en blydskap.

In 1 Johannes 4:17-18 skryf Johannes: *"Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie".*

Ken ons almal nie die woordjie vrees nie. Uit vrees doen ons baie dinge. Ons is bang vir verwerping, so ons doen wat ander doen. Uit vrees dat ons sal uitstaan, dra ons klere

wat ander dra. Uit vrees dat ons nie sal uitstaan nie, dra ons klere wat ander nie dra nie. Uit vrees om nie geliefd te wees nie, soek ons op al die verkeerde plekke liefde. Daar is mense wat baie doen vir liefde, selfs vir God se liefde. Daar is mense wat dink dat indien en minder vloek, meer bid, meer leer of selfs harder probeer, sal God my meer liefhê. Ons kan almal doen met enkele verbeteringe in ons lewe, maar om op die manier na God se liefde te soek, is nie reg nie. Ons verander omdat ons alreeds God se liefde het. God se volmaakte liefde.

Volmaakte liefde is presies dit wat dit sê, volmaak. God se volmaakte liefde vir jou het God gedryf dat Hy sy enigste Seun aan die kruis vir jou laat sterf het. God sien ons soos Hy Christus sien. Vertrou net op Sy liefde. Jy hoef nie te vrees dat Hy jou verlede sal ontdek nie, want Hy het alreeds. Jy hoef nie bang te wees dat jy Hom in die toekoms gaan teleurstel nie. Hy kan vir jou die hoofstuk wys waarin jy dit gaan doen. Met volmaakte kennis van die verlede en 'n volmaakte visie van die toekoms, het Hy jou volmaak lief ten spyte van beide. Volmaakte liefde gee jou die vrede dat jy nie die oordeelsdag hoef te vrees nie.

Gebed: *Vader, dankie vir U volmaakte liefde. Dankie dat U volmaakte liefde my vrede is en dat ek veilig is binne die kader van U volmaakte liefde. In Jesus Naam. Amen.*

Notas:

Besprekingsvrae:

1. Watter gedagtes en gevoelens roep oordeel by jou op?
2. Hoekom dink jy praat die Bybel so baie van oordeel?
3. Hoekom sal dade van ander, jou familie, jou kerk en volk niks help in die oordeel wat kom nie?
4. Lees Matt. 24:36-44 en gesels daaroor?
5. Hoe kan God mense sien soos wat Hy vir Christus sien?
6. Sien jy die oordeel soos wat Christus dit sien (sonder vrees)?
7. Watter hoop is daar vir jou in Joh. 1:12?
8. Wat gee jou die reg om met sekerheid en hoop te dink aan God se oordeel? Wat het jy gedoen om hierdie reg te verdien?
9. Lees 1 Johannes 4:16-18 en gesels in jou groep oor die gedeelte
10. Lees die volgende gedeeltes en gesels daaroor in jou groep
    a. Rom. 2:5-11
    b. Rom. 14:10-12
    c. 2 Kor. 5:9-10
11. Bespreek: Die feit dat jy God se kind is verander God se oordeelstroon na 'n genadetroon voor wie jy moet verskyn (2 Kor. 5:10),